Kort Verslag van Di Ferreira en Strydom in verband met hul besoek na die Sendingveld.

Die Voorsitter en lede van die A.S.K.

Weleerw. Heer en Brs.,

Dit is ons aangenaam om u die een en ander mee te deel van ons bevindinge in ons Buitelandse Sending:

1. Ons het op 2 Junie uit die O.V.S. vertrek. Die reis was aangenaam en voorspoedig. Ons het op Mafeking die families Krige en Groenewald ontmoet, en die reis saam met hul verder gemaak. Van Lusaka was ons nie minder dan 28 persone (drie bediendes ingesluit) nie.

Dis tans gerieflik en betreklik goedkoop om van die O.V.S. na ons Sendingveld te reis. Van Lusaka gaan daar gedurig lorries wat meer of min £5 vra vir 'n passasier tot by Ft.Jameson (sowat 400 myl). Ons het byna al die stasies besoek en ook Berika, ons plaas. Ds.Ferreira kon selfs ook Mkoma besoek, en dan het ons Melinje stasie (Kaapse Kerk) ook besoek.

2 Die Raadssitting het ons ook bygewoon. Ons was baie bly dat ons daar kon wees. Die hele moeilikheid en skynbare wrywing wat daar tussen die A.S.K. en die Raad bestaan het, het op misverstand berus. Na ons wederkerig oor dinge gepraat het, was die lug spoedig gesuiwer. Daar het deurgaans 'n aangename gees in die vergadering geheers. Dit het vir ons duidelik geword dat dit vir ons noodsaaklik is dat daar so dikwels moontlik een of meer lede van die A.S.K. sal teenwoordig wees en dus is die besluit van die A.S.K., in die voege, 'n verstandige.

3 Die werk brei steeds uit, en gevolglik kom daar steeds meer vraagstukke en moeilikhede voor die dag, en ook meer uitgawe. Die onderwys en die houding van die Regering bly maar 'n moeilike saak. Die Onderwys Dept. sal egter nie weer die vrae by die onderwysers eksamen in Engels stel nie. Daar sal in die toekoms twee soorte skole wees: Die wat aan die Regerings vereistes voldoen, en die gewone Buitepos skole.

4 Ons werk op geestelik gebied sal nou meer intensief moet geskied. Die lidmate en die kinders sal spesiaal moet bearbei word, en aan Sondagskoolwerk sal meer moet gedoen word.

5 Die mediese werk het baie uitgebrei, en nie minder dan 72,000 behandelings het plaas gevind in die afgelope jaar nie.

6 Die werk van Ds Scheepers was, in so verre dit suiwer Evangelie prediking betref, seker baie geseënd. Ons is daarvoor dankbaar en het die vrugte daarvan gesien, maar ongelukkig het die Br. ook kom uitgelaat oor die kwessie van geloofsgenesing, en het selfs die hande op iemand gelê en vir haar gesalf. Sommige van die Brs. en Susters het die saak van geloofsgenesing toe gaan pas, en tot sy uiterste gedryf, met die gevolg dat daar tot 'n sekere mate 'n wantoestand op die veld gekom het. Daar is b.v. 'n verpleegster wat haar hospitaal gesluit het, en geweier het om verder medisyne aan mense te gee. Andere weier om Kina te gebruik en veroordeel die gebruik van enige medisyne. Hul begrip van siekte, oorsaak en genesing is beslis in stryd met die gewone opvatting van ons Kerk, vandaar die besluit in verband met hierdie saak soos deur die Raad geneem. Ons het dan ook saam met die Raad gestem waar die Raad besluit het dat Ds Scheepers tans nie die veld moet besoek nie.

7 Verder het ons saam met die Raad die moeilikheid van 'n Voorsitter en hoof van die Sending gevoel, en toe aan die hand gegee om 'n visie Voorsitter te kies wat voorlopig sal ageer as hoof van die Sending ook.

8 Ons het ook by die Regering aangedring om 'n groter toelaag vir die werk onder die melaatse, veral wat kos en klere betref.

9 Die werk op Broken Hill en op die Kopermyne het ons ook besoek, en ons beveel aan dat:-
(1) Eerw.Smit dadelik verplaas moet word na die Ft.Jameson gebied, en Dr.Retief (ons het alreeds met hom gepraat) gevra word om die werk in die Weste te doen.

(2) Dat ons lorrie nie meer na Lusakasal gaan nie maar liewer tenders gevra word vir die vervoer van ons Sendelinge en goedere.

(3) Dat die Sending nie meer vir goedere betaal nie maar slegs die reiskaartjie vir die sendeling van en na die Sendingveld.

(4) Die boer meer voorsiening vir water moet maak en meer betaalbare vrugtebome moet plant, en hom ook meer toelê op koringbou.

10 Ons het ook waar ons die geleentheid gekry het, iets vir ons eie mense gedoen. Dienste is op Lusaka dorp en buite Madzimoyo, Broken Hill en by die myne gehou. Die nood is baie groot in Noord-Rhodesië vir geestelike arbeiders vir ons mense en ons wil verder aan die hand gee:

(5) Dat die A.S.K. Onderhandel met die Alg.Armsorg Komm. en tot 'n ooreenkoms kom sodat daar tenminste twee manne sal aangestel word van Broken Hill en Noordwaarts. Die A.S.K. dra dan gedeeltelik die salaris by vir die werk wat die Brs. dan ook doen vir lede van ons Sending Kerk daar.

Ons reiskoste is gedek uit die Sendingkas £16:14:6 elk, die gemeente Kopjes £10 en 'n kollekte by een van die myne £4.5.6. Totaal £47:6:3.

Ons het veilig die 24ste Julie tuis gekom na ons sowat 4700 myl gereis het. Veel liefde en vriendelikheid het ons oral ondervind. Ons is die Here dankbaar vir sy beskermende hand wat steeds oor ons uitgestrek was.

11 Op Broken Hill het ons die Algemene Sending Konferensie ^x bygewoon. Dit was leersaam, en ons Sending het sy invloed daar deeglik laat ~~veel~~ geld. Ds.Pauw was die Voorsitter, en het 'n kragtige inleidingswoord gespreek. Ons het ook die voorreg gehad om elk 'n referaat te lewer. Daar was elf van ons Sendelinge teenwoordig.

Daar die Notule van die Sending Raad in verdere besonderhede gaan, ag ons genoemde feite as voldoende

Met agting,

U Brs. in die Heer,

____

____

x van verteenwoordigers van 17 Genootskappe teenwoordig was